
# 442 Stil is die awendsang




En Eli, oud en swak, hy, Israels priester slaap!
Maar een verneem God stem, die kleine tempelknaap;
en Samuel, nog maar ‘n kind, het in dié nag sy God gevind.

Gee my ‘n Samuelsoor, o, Heer, ‘n ope oor,
wat, vatbaar vir u woord, u heil’ge roepstem hoor.
Ek soek U, Heer, wees my naby, en openbaar U ook aan my!

Gee my ‘n Samuelshart, ‘n needrig hart wat wag
en aan u deure waak, en luister, dag vir dag.
‘n Hart wat steeds, gedwee en stil, hom skik en voeg, Heer, na u wil!

Gee my ‘n Samuelsin, ‘n rein, opreg gemoed,
wat in u weg, volhard, hoe ook, die wêreld woed!
Heer, help my, om slegs U te vrees, en tot die dood getrou te wees!

James D. Burns (1823-64) Arthur S. Sullivan (1842-1900)